# DIE ONGELOOFLIKE UITDAGING

UP LENTESEMINAAR





ToonClips.com #55613 service@toonclips.com

# WAAR BEGIN EK EN HOEKOM DOEN EK DIT?

Vraestelopstel vereis baie tyd, energie, kreatiwiteit en ja beslis baie insiatief en kennis van die onderwyser.

Die woorde *Ek gaan gou vinnig ‘n vraestel opstel* bestaan net nie meer nie.

Vandag gaan ek probeer om op ‘n ander manier bietjie lig te werp op standaardvraestelle.

- **Om vraestel 2 op te stel, lyk soms na ‘n onbegonne taak. Die maklike uitweg is dikwels om te gryp na vorige vraestelle of vrae in studiegidse.**

- **Ons kan nie begin dink aan vraestel opstel as ons nie eers by die begin begin nie. Ons moet eers twee vrae beantwoord:**

1. **Waarom al hierdie voorgeskrewe werk en literatuurstudie?**
2. **Waarom stel ek ‘n toets/eksamen op?**

# Tien redes waarom leerders baat vind by literatuuronderrig

- 1. **Verbeelding:**
- Ons sal almal saamstem dat ons hedendaage leerders probleme ondervind met verbeelding. Dalk is dit TV wat gemaak het dat verbeelding oorbodig geword het.
- Tiranne en diktators haat literatuur, hulle verban dit en/of oefen streng beheer uit oor wat gelees mag word en wat nie. Waarom? As ek nie wil hê my volgelinge moet ingeligte besluite neem nie, beperk ek hulle leesstof.
- Lees laat leerders betrokke wees by die karakters. Die Engelse noem dit “engagement”. Die leerder se verbeelding laat hom of haar persoonlik betrokke raak by die storie wat hy/sy lees. Hulle identifiseer dikwels met een of meer van die karakters in die emosionele warboel wat hulle soms voel. In hierdie “real-life” situasie, oefen hulle dan hul kreatiwiteit en verbeelding soos hulle probeer om die probleem op te los.
- Van die vroegste Griekse beskawings af , was dit al duidelik dat daardie kulture wat lees, kreatief en innoverend is. Om te lees, help beslis. Dit troetel kreatiwiteit en laat die verbeelding werk en hierdie aspek is van kardinale belang by vraestel 3.

2. **Kommunikasie:**

- Om te skryf en te praat oor literatuur help om leerders voor te berei om oor enigiets te kan skryf en praat. Hulle werk met woorde, met kritiese taal en hulle leer om die verskillende maniere waarop mense oor woorde dink en reageer te oorweeg. Literatuur skep die geleentheid om woordeskat uit te brei sowel as sinstruktuur in te oefen.
- Dit gee lesers oefening in die vorming van verskillende soorte sinne en om te werk met verskillende maniere om idees aan mekaar te bind.
- Kandidate sien hoe ironie en baie ander stylfigure in aksie figureer. In literatuur word daar gewerk met universele temas - almal menslik. Dink maar aan liefde, vriendskap, vooroordeel of wraak.

3. **Analise:**

- Literatuur – hetsy gedigte, drama, kortverhale of roman – daag leerders uit om te analiseer. Hulle moet verbande kan lê, bewyse opweeg, aksies bevraagteken, detail raaksien en sin maak uit dinge. Hierdie analitiese vermoëns is fundamentele lewensvaardighede. Dit sluit aan by hoër orde denke wat vervolgens as uitvloeisel van lees uitgelig kan word.

4. **Hoër orde denke:**

Literatuur vra leerders dikwels om kompleks te dink of om selfs kontrasterende of konflikterende idees in gedagte te hou. Hierdie prosesse help hulle om meer plooibaar te wees - oop vir nuwe idees. Lees laat hulle vergelyk, kontrasteer, evalueer en uiteindelik die teks analiseer in terme van tema, konflik, figuurlike taal, toon en atmosfeer.

5. **Empatie:**

Omdat literatuur leerders toelaat om verskillende perspektiewe te oorweeg, in verskillende tye en plekke, leer hulle om te dink hoe ander mense die wêreld sien. Hulle kan verstaan en weet dat ander mense anders as hulle is en dink, en dit help hulle beter in die lewe en in die beantwoording van vlak 3-5 vrae. Hulle mag dalk ook karakters of gedigte ontdek met wie hulle kan identifiseer – dit kan interessant wees om so jou eie gedagtes en gevoelens raak te sien en dit te te bevestig. Literatuur moedig leerders dus aan om sensitief te wees t.o.v. die hele spektrum van menswees en om dit in gedagte te hou as hulle hul daaglikse besluite neem.

6. **Begrip**:

Ons dink in terme van stories: dit gebeur en toe dit. Wat is die verband tussen hierdie twee gebeure? Wat gaan volgende gebeur? Diegene wat meer stories lees, is beter in staat om te dink oor gebeure en gevolge daarvan.

7. **Betekenisvol:**

- Hulle sê ervaring is die beste leermeester; literatuur is die beste voertuig om ons moontlike ervarings te vergroot.
- Literatuur daag ons leerders dikwels uit om oor hul eie plek in die wêreld te dink, oor die betekenis van wat hulle doen. Literatuurstudie verskaf onbeperkte "gevallestudies" en laat leerders toe om te dink oor die motiverings/waardes van verskillende karakters en hulle interaksie. As die leerder kan verstaan waarom 'n karakter optree soos hy/sy optree, kan hy/sy verstaan waarom mense oor die algemeen optree soos hulle optree. As hy/sy 'n karakter/situasie kan analiseer, kan hy/sy dit in die werklike lewe ook doen. As hy/sy 'n situasie kan analiseer, kan hy/sy 'n beter besluit neem. Om literatuur te bestudeer, is dus eintlik om die lewe te bestudeer.

8. **Dit brei ons horisonne uit**:

Literatuur laat leerders plekke en tye besoek en kulture beleef wat hulle andersins nooit sou beleef het nie.  Dit verryk hul lewens. Soms word leerders gekonfronteer met ander linguistiese vorme, bv. Kaaps. Literatuur is dus in effek kutuurverrykend.

9. **Inspirasie:**

Skrywers gebruik woorde op maniere wat ons diep raak.  Lesers het deur die eeue so redes en maniere gevind om te leef – deur wat hulle gelees het. Selfs fantasieverhale/fiksie blyk waardevol te wees. Daar mag dalk nie regtig hekse/towenaars bestaan nie, maar leerders mag bv. situasies beleef waar hulle vriende nodig het  of moet opstaan vir dit waarin hulle glo.

10. **Pret:**

As leerders iets lees wat by hulle pas, geniet hulle dit.  Hulle sal meer en meer wil lees en so hul woordeskat en redeneervermoë uitbrei, beter lesers word, asook skrywers.

# WAAROM STEL EK ‘N TOETS/VRAESTEL OP?

**Bepaal heel eerste of jou toets summatief of formatief is.**
**Wat is die verskil?**



*As die sjef die sop proe, is dit formatiewe evaluering*. Hy evalueer of die eindproduk gaan reg smaak. Hy maak foute reg, gooi nog sout by, ens.

Met ‘n formatiewe toets bepaal jy hoeveel die kandidaat weet/verstaan terwyl jy met die teks besig is.
Hierdie tipe toets is VIR leer. Jy tref voorsorg vir die summatiewe toets wat kom. Hier toets jy WAT die kandidaat weet. Hier gebruik jy ou vraestelle, vrae uit die studiegidse, vlak een en twee vrae. Hierdie tipe evaluering is diagnosties. Jy vind uit waar die fout lê. Hierdie tipe toets gee jy desnoods aan die begin van elke periode (mondeling/skriftelik). Hier toets jy stukkie-vir-stukkie.



*As die klant die sop proe, is dit summatiewe evaluering*.

Summatiewe evaluering is VAN leer. Hier toets jy wat die kandidaat kan doen met wat hy/sy weet. Hier word die hele spektrum van vrae getoets: Vlak 1 tot hoogste vlak. Hier mag jy nie van ou vraestelle en vrae uit gidse gebruik maak nie. Dis waar jy toets of die kandidaat verstaan wat jy onderrig het. Hierdie vraestel is evaluerend. Hierdie toets kom aan die einde van ‘n hoofstuk of aan die einde van die teks. Hier toets jy oorsigtelik. Jy dek soveel moontlik van die verhaal/drama. Jy konsentreer op die pilare van die teks, i.e. elemente van die teks. Jy bepaal of die kandidaat die HELE teks verstaan.

# Die opstel van Vraestel 2

- Noudat jy weet dat Vraestel 2 summatiewe evaluering is, kan jy begin.

- **STAP 1: Vergewis jou van die eksamenriglyne.**

**Weet presies wat onderrig moet word en gebruik die voorblad, inhoudsopgawe en afmerklysie as basis. Behou die opdragte soos in vorige jaar se November gebruik is, dieselfde instruksies, ens. Rol dit vir leerders af en plak voor in Letterkunde/Taal/Kreatiewe boeke en verwys telkens na vrae wat beantwoord moet word en by Letterkunde watter genres beantwoord moet word.**

# STAP 2: LEES DIE KABV

- Wat mag jy vra: ONTHOU: Die klem in formele letterkunde-onderrig hang van die gekose genre/ voorgeskrewe werk af.
- Verstaan die unieke kenmerke van verskillende genres, bv. ’n gedig het ander kenmerke as ’n prosawerk
- Identifiseer en verduidelik figuurlike en retoriese taalgebruik in verskillende tekste soos beeldspraak (vergelyking, personifikasie, metafoor) en stylfigure (inversie, simbool, karikatuur, onomatopee / klanknabootsing, ironie, kontras, spot, satire, sarkasme, antiklimaks, eufemisme, hiperbool, woordspeling, metonimia, onderbeklemtoning)
- Identifiseer die skrywer / regisseur se bedoeling.
- Verduidelik die kenmerke van soorte gedigte en hoe versreël- en strofebou, rym, halfrym (alliterasie, assonansie), ritme, refrein, herhaling, beeldspraak en stylfigure verband hou met tema / boodskap.
- Verduidelik die kenmerke van drama en hoe intrige, subintrige, karakterisering, konflik, ruimte, dramatiese ironie, verhoog- en toneelaanwysings, handeling, tyd, dialoog, beeldspraak en struktuurelemente soos motoriese moment, verwikkeling, klimaks en ontknoping die tema / boodskap ondersteun.
- Verduidelik die kenmerke van roman / kortverhale en hoe intrige, subintrige, karakterisering, konflik, die verteller, ruimte, tyd en ironie die tema / boodskap ondersteun.

# STAP 3: VOORBEELD - LIEN
# Lees die voorgeskrewe werke en som dit op in hoofmomente

| |
|---|
| **Voorspel**<br>**Braam kyk 'n video** |
| 1<br>Lien en Braam kyk TV<br>Ma skink drank<br>Net Braam eet<br>Ma strompel kamer toe<br>Lien sit broek se soom in<br>Lien vir die spieël: EK HAAT JOU. |
| 2<br>Lien en Wouter stap skool toe<br>Lien het werk gekry by tant Malie se koffiewinkel<br>By die skool is Lien alleen<br>Bib toe: lysies van plekke wat sy eendag wil besoek<br>Sy wil prokureur word<br>Ons ontmoet Miemie Spies, Sally Swanepoel en Hein Venter<br>Lien ongemaklik om te erken sy ken 'n prokureur |
| 3<br>Ma nie werk toe nie<br>Ruik na drank<br>Luister klassieke musiek<br>Ma wil nie meer klavier speel nie; Lien dreig om klavier te verkoop Kies bv. hierdie gedeelte as uittreksel 1.<br>Jou vrae handel oor alles wat VOOR hierdie uittreksel gebeur het sowel as DAARNA tot ongeveer by 20 – daar waar Lien gaan kyk hoe lyk dit in haar ou buurt.Werksonderhoud by Malie se tuin-koffiewinkel;Begin dadelik werk<br>Gee per ongeluk 20% afslag vir 'n gesin.Wouter loer in en stap saam huis toe<br>Deon nie by die huis nie.Ma se kamerdeur toe<br>Later Ma weer op mat ; klassieke musiek<br>Braam kyk video |

# VOORBEELD: FIELA

| KOMOETIES | VAN ROOYENS |
|---|---|
| Wolwekraal | Knysna Bos |
| | Die Van Rooyens se kind, Lukas raak weg |
| Die sensusmanne kom op Wolwekraal aan:<br>Benjamin word deur sensusmanne opgemerk | |
| | |
| 2de besoek van sensusmanne:<br>Magistraat wil Benjamin sien | |
| | |
| Benjamin word gereed gemaak vir Knysna | |
| | |
| Die magistraat:<br>Barta ken Lukas uit | |
| | Benjamin gaan saam Bos toe |
| Fiela gaan Knysna toe | |
| Fiela gaan 2de keer Knysna toe | |
| | Magistraat verneem of dit goed gaan met Lukas |
| Fiela gaan gee Benjamin se goed in die Bos af | |
| | Lukas hoor sy ma het sy goed gebring |
| | JARE LATER |
| | Lukas vat Nina Knysna toe |
| | Lukas en die spookskip/Armstrong |
| | Lukas gaan soek vir Nina by by Weatherbury |
| | Lukas vra Nina moet gaan sê hy gaan nie terug Bos toe nie. |

# STAP 4: Besluit watter tipe vrae jy gaan vra

- **Besluit ook op die moeilikheidswaarde van elke vraag. In elke vlak moet daar ewe veel maklike, gemiddelde en moeilike vrae wees.**
- **Bv. eerste uittreksel:**
- Daar is 7 punte van vlak 1 en 2. Maak 4 daarvan maklik, 2 gemiddeld en 1 moeilik.
- Daar is 7 vlak 3-vrae. Maak 2 maklik, 3 gemiddeld en 2 moeilik.
- Daar is 3 vlak 4 en vlak 5 vrae. Maak 1 maklik, 1 moeilik en 1 gemiddeld. Doen basies dieselfde met die 2de uittreksel.

UITTREKSEL 1

| | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **17 punte** | 3 | 4 | 7 | 2 | 1 |
| | 1x1-punt<br>Noem/Wie/Waar<br>1x2-punt | 4x<br>Volgorde van hoofmo-mente of invulvrae | 1xMKV<br>Dit moet 'n afleiding wees. | 1xJA/NEE<br>Motiveer jou antwoord. | 1x1-punt<br>Waarom kan jy verstaan dat X dit /dat gedoen het? |
| | | | 1x Sê waarom hierdie stelling WAAR ONWAAR is. | 1x1-punt<br>Bv. Verduidelik waarom jy dink dit wys/slim/dom/gevaarlik/nodig/ onnodig was dat X dit/dat gedoen het is? | |
| | | | 1xHAKIE – 2 punte<br>Kies antwoord tussen hakies, bv. harteloos. en motiveer jou antwoord.<br>Bv. Ons kan X se woorde/gedrag/houding in hierdie uittreksel as (x/y) beskryf.✓<br>Motiveer jou antwoord✓ | | |
| | | | 1x2-punt met onderafdelings<br>1.Gee een woord om X se gedrag/houding te beskryf<br>2.Verduidelik waarom hierdie gedrag aanvaarbaar/ onaanvaarbaar is | | |
| | | | 1 punt vraag<br>Hoe is X se houding beter/slegter as Y s'n. | | |

| **UITTREKSEL 2** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| **18 punte** | | | | | |
| | 4 | 3 | 7 | 2 | 2 |
| | 1x2-punt<br>Noem TWEE … | 1x3-punt<br>Bv. Wie is X se grootste vyand? Gee 2 feite uit die tekswaarom jy so sê.<br>OF<br>Laat kies tussen 2 antwoorde.<br>Dan motivering met 2 feite uit teks. | KOLOMx4<br>gebeure en gevolge | | 1x2-punt<br>Kies een van die karakters uit hierdie roman wat jy lank sal onthou en gee TWEE redes vir jou antwoord.<br>Konsentreer op die lesse wat daardie persoon vir jou geleer het. |
| | 2x1-punt<br><br>Wat bedoel X as hy sê …<br><br>Waarom het X dit/dat gesdoen/gesê? | | 1xMKV afleiding<br>Die rede waarom .., is omdat …<br>A<br>B<br>C<br>D | 1x2-punt<br>Bv. Noem een van die karakters in die roman wat nie ‘n goierolmode lis nie. Motiveer jou antwoord met ‘n voorbeeld uit die drama.<br>OF<br>Verwys na die hele roman. Dink jy ‘n mens kan op X staat maak in ‘n moeilike situasie? Bespreek jou standpunt. | |
| | | | 1x2-punt<br><br>Lei die tema van die roman af en motiveer jou afleiding. | | |

**STAP 5 Kies nou een uittreksel uit die begindeel van die teks en een uittreksel nader aan die einde. Maak seker dat jy die vrae waarop jy besluit het, uit hierdie uittreksels kan kry.**

**NB. Sien jy …**

- **ons kies nie eers ‘n uittreksel en forseer dan vrae daaruit nie. Dis eers die vrae wat jy wil vra en dan kies ons die uittreksel. Onthou wat ons aan die begin gesê het. Jy weet wat die kandidaat behoort te ken. Vra dit. By formatiewe evaluering kies jy eers die uittreksel en vra dan vrae daaroor. Nou werk ons summatief.**
- **ons vra nie begripstoetstipe vrae nie. Die uittreksel dien net as fokus.**
- **ons begin altyd met ‘n vlak 1-vraag wat direk betrekking op die uittreksel het. Daarna kan jy vra wat voor of na die uittreksel gebeur het.**


# LAASTE DEEL VAN DIE PROSES

- **STAP 6: Maak nou seker dat jou vrae nie oorvleuel nie.** Vrae moet altyd van makliker (vlak 1 vrae) tot moeiliker vrae (vlak 4 en 5) opgestel word. By die ontleding van die vlakke in Letterkunde gebruik ons Barrett se taksonomie
- 
- **STAP 7: Maak seker dat jy die hele teks gedek het met jou vrae en nie net die deel waaroor die uittreksel handel nie.**
- 
- **STAP 8: Lees deur en let op taal en spelling en waak teen dubbelsinnigheid.**
- 
- **STAP 9: Maak seker dat jy die uittreksel korrek oorgetik het en dat jou reëlverwysings korrrek is.**
- 
- **STAP 10: Moenie dadelik die nasienriglyn opstel nie. Laat lê die vraestel vir 'n dag of twee. Beantwoord nou die vrae.**

# BARRETT SE DENKVLAKKE



# VOORSTELLING



# WAAROM KOGNITIEWE VLAKKE?



# VLAK 1

## KENNIS = WAT JY BV. MET SOEKLEES KAN OPSPOOR; DIT DUI NIE NOODWENDIG AAN DAT JY VERSTAAN NIE. DIE ANTWOORD STAAN IN DIE TEKS.

40% van vraestel , bv.

- Wie
- Wat
- Waar
- Wanneer
- Hoeveel
- Noem

ONTHOU: Ons vra net kennisvrae wat sal lei tot die volgende trap. Wat beteken dit?

Ons vra nie net 'n vraag om inhoud te toets nie, bv.
Op watter stoel het Rooikoos in die kroeg gesit? OF
Hoeveel whiskey het Willem en sy vriend saans gedrink?
OF
Watter kleur was die weldoener se stasiewaentjie?

# VLAK 2

## HERORGANISASIE = VERSTAAN JY WAT JY LEES? DIE WOORD/ANTWOORD STAAN IN DIE TEKS, MAAR IN 'N ANDER FORMAAT.

Saam met vlak 1: 40% van die vraestel

- Wat bedoel Rooikoos as hy sê …
- Wat beteken …..
- Rangskik in die regte volgorde
- Som die rugbywedstryd tussen die twee dorpe in … sinne op.

# VLAK 3

AFLEIDING = WAT KAN EK MAAK MET WAT EK WEET? NOU SKEP EK IETS NUUTS UIT IETS WAT IN DIE TEKS STAAN

**Vlak 3: Op sy eie 40%**

**Dis waar die klem van alle leer hoofsaaklik val!!!**

**Bv. Rooikoos vloek, hy drink en hy het geen respek vir ander mense nie. Boonop het hy geen sportmangees nie en as hy praat dan bulder hy. Dis alles bekende inligting oor die karakter. Wat kan ek nou maak met wat ek van Rooikoos weet?**

**Ek kan aflei dat: hy onsensitief is/mense sal nie sy geselskap opsoek nie/hy sal nooit gekies word as spanbestuurder nie, ens.**

# VLAK 4

## EVALUERING: HOU VERBAND MET DIE ENGELSE WOORD "VALUES".

20% (saam met die volgende vlak) van die vraestel.

Hier veronderstel ons die kandidaat het 'n bepaalde waardestelsel en hy kan dit wat hy lees, daarteen meet, bv.

Is dit reg/verkeerd ..

Is dit goed/sleg

Is dit voordelig/nadelig ..

Was die karakter eerlik/oneerlik ..

Is dit regverdig/onregverdig …



# VLAK 5

## WAARDERING: HOE RAAK DIT WAT JY LEES, JOU? WATTER IMPAK MAAK DIT OP JOU? TOT WATTER MATE IDENTIFISEER JY MET DIT WAT JY LEES? KAN JY JOU UITSPREEK OOR DELE/GEBEURE IN DIE VERHAAL?

**Saam met EVALUERING tel dit 20% van die vraestel. Ons vra bv.**

**Te veel drank veroorsaak altyd probleme. Gee jou mening oor hierdie stelling en verwys na Rooikoos se dilemma.**

**Hoe sou jy wou hê dat die verhaal "Die Ooreenkoms" moes eindig?**

**Dink jy die verhaal oor Koning Leeu se geskenke pas by 'n graad 12-kandidaat?**

**Pas die titel by die res van die verhaal?**


**Watter deel van die verhaal het jou hartseer laat voel?**

**ONTHOU: DIE KANDIDAAT MOENIE DIE VRAAG KAN BEANTWOORD SONDER OM DIE TEKS TE LEES NIE, bv. Dink jy dit is verkeerd om te drink?**

# VISUELE OPBOU VAN DENKVLAKKE



# VERDELING VAN VLAKKE



# BEPALING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD

- Elke kognitiewe vlak word nog onderverdeel in maklik gemiddeld of moeilik bv. Vlak 1 vraag kan enige een wees. Hang af van die manier waarop vraag gestel is OF watter detail in die antwoord verwag word.
- In ’n vraestel moet een aspek nie twee keer getoets word nie – poog om soveel as moontlik te toets bv. nie twee meervoude of twee karakters se name ens. nie

# TAKSONOMIE: BARRETTS

- Dit is belangrik om in een vraag/vraestel ‘n goeie verspreiding van denkvlakke te toets:
- Vlak 1 en 2: 40% vrae op hierdie vlak
- Vlak 3: 40% vrae op hierdie vlak
- Vlak 4 en 5: 20% vrae op hierdie vlak

# VLAK 1: LETTERLIKE BEGRIP (WAT EK WEET NADAT EK GELEER HET)

Begin altyd ‘n afdeling of vraestel met vrae uit

hierdie vlak.

- Lees en antwoord uit dit wat geleer kan word.
- Reproduksie van feite of inligting uit die teks of werk wat geleer is.
- Die laagste vlak van denke waar die antwoorde direk afgelei kan word of gememoriseerde inligting weergegee kan word.

# TIPE VRAE (AKSIEWOORDE)

Verskil van leerinhoud tot leerinhoud

- **Die W-vrae (wat, waar, wanneer, wie, ens.)**
- **Gee twee bewyse/voorbeelde ens.**
- **Noem**
- **Beskryf die plek/karakter/naam**
- **Identifiseer**
- **Bespreek**
- **Haal ‘n woord aan wat**
- **Skryf die naam van die ... neer**
- **Gee die korrekte ....**
- **Skryf ....**
- **Verbeter die ...**
- **Haal die slagspreuk/leuse aan**

# LEES EN KYK:  LETTERKUNDE

- **Feite wat gememoriseer kan word bv. karakters, plekke, tyd, storielyn, ruimte, ens.**
- **Inhoudsvrae**
- **Basiese kennis van die genre wat direk weergegee kan word.**

# VLAK 2:  HERORGANISASIE (HOE)

- Lees tussen die lyne/dieper en meer intenser lees as direkte kennis. Gebruik steeds kennis van teks en leerder moet feite rondskommel
- Vra die vraag "HOE"
- Inligting is in die teks maar die feite moet geanaliseer word.
- Leerder moet hier kan onderskei wat saamhoort en wat geskei moet word – haal belangrikste inligting uit.

# TIPE VRAE (AKSIEWOORDE)

- **Opsomming van inligting/hoofgedagtes**
- **Hoe verskil ... en ... van mekaar?**
- **Pas die inligting toe**
- **Gee die voordele/nadele**
- **Voltooi die paragraaf/kies uit die woorde in die blok**
- **Plaas chronologiese gebeure in die korrekte volgorde**

# VRAE VERVOLG

- **Hoe weet jy uit die teks dat ...**
- **Verduidelik waarom ...**

**[Leerders orden die inligting op ‘n ander manier as wat dit aangebied is]**

# LEES EN KYK: LETTERKUNDE

- **Hoe verskil karakter A van karakter B ...**
- **Kies uit die woorde in die blok wat die beste in die paragraaf inpas**
- **Hoe het die karakter opgetree ...**

# VLAK 3: GEVOLGTREKKING (HOEKOM)

- **Maak afleidings**
- **Interpreteer inligting**
- **Wat was die bedoeling ...**
- **Interpreteer inligting n.a.v. persoonlike ervaring.**

# TIPE VRAE (AKSIEWOORDE)

- Verduidelik die oorsaak en gevolg/gedagtes/houdings/aksies
- Wat wil die skrywer bereik met ...
- Wat is die skrywer/spreker/karakter se rede/motivering/beweegrede/houding ...
- Vergelyk die gedagtes/houdings/aksies ...
- Wat sê ‘n aksie/aanmerking/houding van ...
- Wat dink jy sal die gevolg wees van ...
- Ooreenkoms
- Terminologie

# TIPE VRAE (VERVOLG)

- **Ironie**
- **Watter eienskappe ...**
- **Wat dink jy kan ‘n mens in so ‘n situasie doen ... Hoekom**
- **Watter afleiding kan jy maak uit ...**
- **Watter bewys/Verduidelik hoekom jy sê ...**

**[Leerders reageer op inligting wat geïmpliseer word, maar nie direk gegee word nie.]**

# LEES EN KYK:  LETTERKUNDE

- Wat kan jy uit ... aflei?
- Verduidelik die betekenis van die skuinsdruk/subtitel, ens.
- Hoe kan ... met ... in verband gebring word?
- Toepassing van letterkundige terminologie bv.  Hoe affekteer die gebruik van die metafoor ...
- Kolomvrae (WEES VERSIGTIG KAN MAKLIK VLAK 1 WEES)
- Waar/Onwaar – hoe toets ons nou
- Denotatief en konnotatief

# VLAK 4: EVALUEER (OORDEEL)

- **Lees die dieper betekenis.**
- **Waarde-oordeel**
- **Is dit moontlik**
- **Is dit geloofwaardig**
- **Is dit realisties**
- **Is dit moontlik**

# TIPE VRAE

- Feite en die betekenis evalueer
- Stem jy saam of nie?  Motiveer hoekom jy so sê.
- Verbande tussen verhale of dele van dieselfde verhaal
- Beoordeel akkuraatheid/geldigheid/ aanvaarbaarheid
- Ooreenkoms en verskil en leerder se evaluering
- Goed/sleg

# TIPE VRAE (VERVOLG)

- Dink jy dat ... (JA/NEE lei antwoord in – geen punt toegeken slegs rede kry 'n punt) (VERSIGTIG – KAN OOK VLAK 1 OF 3 WEES)
- Bespreek/lewer krities kommentaar
- Gee jou eie opinie
- Dink jy dit wat hier gebeur is realisties/moontlik
- Is die skrywer se argument logies
- Stem jy saam met die stelling/siening of interpretasie

# TIPE VRAE (VERVOLG)

- Volgens jou, is dit regverdig van die karakter om ...
- Is die karakter se houding aanvaarbaar ...
- Waarom is dit onregverdig om ...
- Watter rol kan jy speel in iemand soos ...
- Hoekom kan jy verskil van/saamstem met ...
- Watter standpunt wil die skrywer uitlig as ...
- Waarna verwys die spreker as hy/sy sê ..
- Is dit nodig om ... Motiveer.

# TIPE VRAE (VERVOLG)

- Wat leer jy uit die kortverhaal oor die gevolge van ...
- Dink jy die teks sou goed gewees het sonder ... Motiveer.
- Wat bewys/bereik die skrywer deur ...
- ONTHOU: **Dink jy** in ’n vraag maak dit nie vlak 4 nie

# LEES EN KYK:  LETTERKUNDE

- **Wat word deur die titel/optrede van die karakter ... gesuggereer?**
- **Wat is die ooreenkoms tussen ...**
- **Hoekom kan jy die karakter se optrede in hierdie situasie regverdig?**

# VLAK 5: WAARDERING (GELEER HIERUIT/GENOT)

- **Subjektiewe respons**
- **Assesseer die inhoud/impak van die teks op jou as leser.**
- **Eie les geleer/waardering – sensitiwiteit en emosioneel oor wat gelees/geleer is**

# TIPE VRAE

- Bespreek jou reaksie op die situasie/konflik
- Lewer kommentaar oor die taalgebruik
- Het jy simpatie met die karakter?  Rede
- Wat sou jy gedoen het ...
- Bespreek die effek van die slot/skrywer se styl

**[Leerders gee ‘n emosionele of eie respons – respons moet verband hou met dit wat gevra word/teks as agtergrond– nie buite verband nie.]**

# LEES EN KYK:  LETTERKUNDE

- **Motiveer of jy dink jy sou dieselfde opgetree het/antwoord gegee het in dieselfde situasie.**
- **Wat sou jy as leser gedoen het as ...**
- **Wanneer jy hierdie gedig lees – gevoel/emosie/houding ens.**
- **Het jy simpatie met ....**

# NASIENRIGLYN

| VRAAG-NOMMER | ANTWOORD | INHOUD WAT GETOETS IS | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | | | | |
| | | | | |

| VLAK 1 | | VLAK 2 | | VLAK 3 | | VLAK 4 | | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KENNIS | | HERORGANISEER | | TOEPASSING | | EVALUERING | | WAARDE-RING |
| eenvoudig | gemiddeld | moeilik | e | g | m | eenvoudig | gemiddeld | moeilik |
| 40% | | | 40% | | | 20% | | |
| 14/35 | | | 14/35 | | | 7/35 | | |
| 5/14 | 5/14 | 4/14 | 5/14 | 5/14 | 4/14 | 3/7 | 2/7 | 2/7 |

# ANALISE

## NA ELKE AFDELING:  VERSPREIDING

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 |
|---|---|---|
| 40 | 40 | 20 |
| | | |

# LETTERKUNDE TERMINOLOGIE

- Tema – Sentrale idee of kerngedagte van ‘n gedig (die boodskap wat omskryf kan word).
- Paradoks – Skynbare teenstrydigheid.
- Binnerym – waar ‘n woord aan die einde van ‘n reël rym met ‘n woord in die reël.
- Katalogusgedig / lysgedig / opnoemgedig – waar ‘n gedig bestaan uit die opnoem van persone, plekke of abstrakte idees.
- Digterlike vryheid – Waar digter vryheid het om woorde weg te laat of te verander om in te pas by die rym of ritme van die gedig.
- Rymdwang – ‘n Digter verander die woordorde in ‘n reël sodat ‘n rymwoord aan die einde van die versreël geplaas word.
- Elisie / klankweglating word gebruik sodat dit kan rym.
- Spreker – Die een wat praat (mens, insek, dier of leweloos).
- Aangesprokene – Die persoon met wie die spreker praat.
- Stemming / toon – Die atmosfeer in die gedig. ‘n Gevoel wat oorgedra word en leser ervaar dit ook. Woorde, klank en ritme bepaal die stemming in die gedig.
- Palissandryne -’n Sangerige, gevoelvolle, weemoedige gedig in gewone praat of spreektaal.
- Vrye vers – Geen vaste rymskema en ritme of reëlmatige versreëls of strofes nie. Hoofletters en leestekens ontbreek. Woorde en klanke, word dikwels herhaal. Opvallend is die opstapeling / enumerasie van verskillende sake wat dikwels lyk asof dit nie bymekaar pas nie.
- Alliterasie – Die herhaling van dieselfde konsonant in betoonde sillabes kort na mekaar. Die rede hiervoor is woorde word so uitgehef, laat woorde bymekaar aansluit, kan gebruik word as klanknabootsing, gee ritme, skep atmosfeer en dit klink mooi.
- Sinestesie – Samevoeging van meer as een sintuiglike gewaarwording: sy voel en proe of sien en ruik.

# TERMINOLOGIE

## VERVOLG

- Polisindeton – Die herhaling van dieselfde voegwoord na mekaar soos “en”. Dit word gebruik om ritme stadiger te maak en woorde wat verbind word te beklemtoon.
- Retoriese vrae – Word gewoonlik nie beantwoord nie, spreker gebruik dit net om iets te beklemtoon.
- Sarkasme – Die teenoorgestelde word bedoel van wat gesê word.
- Eufemisme / versagting – Iets onaangenaams soos bv. dood word sagter en meer aanvaarbaar gestel.
- Assonansie – Herhaling van dieselfde vokale in 2 of meer betoonde sillabes kort na mekaar. Dit word gebruik om stemming te skep, versnel (kort) of maak ritme stadiger (lang klanke), kan gebruik word as klanknabootsing.
- Aandagstreep – vestig aandag op wat volg.

# TERMINOLOGIE (VERVOLG)

- Sonnet – Gedig wat uit 14 versreëls bestaan. Italiaanse sonnet: 8 reëls (oktaaf – beskrywing of uitgebreide beeld: 2x4(kwatryne)) 6 reëls (sestet – toepassing of verdieping: 2x3 (tersines)). Engelse sonnet bestaan uit 14 reëls wat bestaan uit 3x4(kwatryne en ‘n rymende koeplet (2 versreëls)Rymskema is abab cdcd efef gg.. Dit bestaan uit een deurlopende gedagte met die hoofgedagte of verdieping in die koeplet.
- Parodie / hekeldig – Spottende nabootsing van ‘n vorige teks.
- Repetisie / herhaling.
- Satire – waar menslike swakhede bespot word.
- Cliche – afgesaagde uitdrukking wat nie meer trefkrag het nie.
- Dubbelsinnigheid – Taal word so gebruik dat meer as een afleiding gemaak kan word.

# TERMINOLOGIE (VERVOLG)

## LEER IN GRAAD 7-9 BASIESE SOOS IN KABV

- Rympatrone: Paarrym (aa bb); Omarmende rym (abba); kruisrym (abab); gebroke rym (abca).
- Strofe-indelings: twee versreëls (koeplet); drie (tersine); vier (kwatryn); vyf (kwintet); ses (sekstet); agt (oktaaf)
- Subtitel – Onderafdeling of alternatief wat onder die titel verskyn.
- Motto – Aanhaling of gedeelte wat tussen die titel en die gedig staan en word meestal kursief gedruk
- Wending – Verandering of ommekeer in die gedig “maar” dui dit aan.
- Litotes – wanneer die waarheid verklein word bv. sakgeldjie van R20 000 om iets te koop.
- Dubbelpunt – ‘n verklaring of toeligting volg.

# TERMINOLOGIE (VERVOLG)

## LAAT LEERDERS TERMINOLOGIE KAN VERDUIDELIK

- Figuurlike taal – Taal wat beelde gebruik om ‘n effek te kry bv. metafore, vergelykings, personifikasie.
- Verteller – eerstepersoons – (ek, een van die karakters in die verhaal, word net uit sy oogpunt vertel, beskryf en emosies is getrou) , derdepersoon (skrywer beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters in die verhaal) , alwetende of alomteenwoordige verteller (vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy is orals teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd).
- Milieu – Agtergrond waarteen verhaal afspeel.
- Tyd – Historiese tyd (spesifieke jaar) en verteltyd (hede, verlede of toekoms).
- Ruimte / plek – bv. by die skool of in ‘n hospitaal of huis.
- Handelinge – Optrede van die karakters.

# TERMINOLOGIE (VERVOLG)

## LEERDERS SUKKEL MET EMOTIEWE TAAL IN LETTERKUNDE - VERDUIDELIK

- Gebeure – Verloop van die verhaal.
- Hoofkarakter – persoon sentraal waaroor verhaal handel. Karakter ontwikkel, leser leer persoon die beste ken, innerlike en uiterlike word uitgebeeld.
- Newekarakters – Ander karakters in die verhaal wat die hoofkarakter ondersteun of beter beskryf.

Sintuie

| | | |
|---|---|---|
| Oë | sien daarmee | Gesig |
| Ore | hoor | Gehoor |
| Hande | voel/vat | Tas |
| Mond | proe | Smaak |
| Neus | ruik | Reuk |

# TERMINOLOGIE (VERVOLG)

## GEDIGTE

- Verwysing/Intertekstualiteit – waar digter na iets histories, letterkundig of Bybels verwys en dit verryk die betekenis van die gedig.
- Enjambement / oorloop - reëls – Die oorloop van een sin of frase van een versreël na ‘n volgende sonder ‘n leesteken aan die einde. Die rede hiervoor is dat rym nie gehoor kan word nie, die ritme word vinniger.
- Metrum en ritme – Metrum is hoe die versreël geskryf is en ritme hoe dit voel.
- Rymskema – Die rangskikking van rym in ‘n strofe of gedig en word aangedui deur letters van die alfabet.
- Ironie – Teenoorgestelde word bedoel van wat gesê word.
- Refrein – ‘n Versreël of frase wat woordeliks herhaal word, gewoonlik aan die einde van ‘n strofe.
- Limeriek – Word gebruik om met die persoon of onderwerp wat in die eerste versreël genoem word te spot.
- Metafoor – Wanneer twee sake nie langs mekaar gestel word soos ‘n vergelyking nie, maar een word direk in die plek van ‘n ander gestel.
- Vergelyking – Twee sake word gelyk gestel aan mekaar en verbind met die woorde “nes”, “soos” of “net soos” of deur die dubbelpunt of aandagstreep.

# TERMINOLOGIE (VERVOLG)

## GEDIGTE

- Progressie – Voortgang o toename in bv. tyd, spanning of intensiteit.
- Klanknabootsing / onomatopee – Woorde wat klanke naboots.
- Ellips – Wanneer ‘n woord / woorde weggelaat word, maar die leser kan steeds verstaan wat bedoel word.
- Klimaks / hoogtepunt – Die opwindendste/belangrikste oomblik in ‘n verhaal.
- Konflik – Stryd of botsing tussen karakters. Twee soorte: innerlik (konflik in karakter se gemoed), uiterlik (argumente, redenasies, fisies).
- Letterlik – Die direkte betekenis van woorde.
- Antiklimaks – Teenoorgestelde van wat die leser verwag.
- Elisie – Weglating van ‘n letter of sillabe.
- Personifikasie – waar menslike eienskappe gegee word aan ‘n dier, voorwerp of idee.
- Sinestesie – Samevoeging van twee sintuiglike waarnemings bv. gebruik “warm” om geel en rooi te beskryf.
- Hiperbool – Doelbewuste oordrywing wat nie letterlik bedoel word nie.
- Oksimoron – Samevoeging van twee woorde wat nie bymekaar pas nie bv. aaklig mooi.

# Differensiasie

| Graad 7 - 9 | Graad 10 - 12 |
|---|---|
| hoe sinne en versreëls en die gedig as ’n eenheid aangebied word | hoe sinne en versreëls en die gedig as ’n eenheid aangebied word |
| | Figuurlike taalgebruik, |
| oor die keuse van stylfigure en beeldspraak; ritme, tempo en klank; | die keuse van beelde, ritme, tempo en klank |
| die emotiewe gevoelens wat hierdie beelde opwek | die emosies wat beelde opwek |
| letterlike betekenis | letterlike betekenis |
| figuurlike betekenis | figuurlike betekenis |
| atmosfeer/stemming | stemming |
| tema en boodskap | tema en boodskap |
| beeldspraak | beeldspraak |
| stylfigure | stylfigure |
| woordkeuse (diksie) | woordkeuse (diksie) |
| klanknabootsing | klankeffekte: klanknabootsing |
| toon | toon |
| retoriese stylmiddels | retoriese middels |
| emosionele reaksies | emosionele reaksies |
| reëls | versreëls |
| woorde | woorde |
| strofes | strofes |
| rym | klankeffekte : rym |
| skakel | |
| ritme | Klankeffekte: ritme |
| leestekens | punktuasie, |
| refrein | refrein, |
| herhaling | herhaling, |
| alliterasie | Klankeffekte: alliterasie |
| assonansie | Klankeffekte: assonansie |
| enjambement | enjambement |
| | tipografie, |
| | Klankeffekte: klanknabootsing |

# VINNIGE BLIK - OPSTEL VAN VRAESTEL 1

**Hoe slyp ek my kandidate vir die Leesbegripvraestel?**

- Ek verstaan self die belangrikheid van lees.
- Ek weet wat leesbegrip is.
- Ek leer my kandidate sekere vaardighede.

# VAARDIGHEDE WAT LEESBEGRIP BEVORDER

- **Vlotlees**
- **Aktiewe leesstrategieë**
- **Algemene kennis en woordeskat**
- **Kritiese denke**
- **Die vaardigheid om op VYF vlakke te kan lees en verstaan.**

# 5 vlakke van leesbegrip

- Jy *herken* woorde en kan dit *uitspreek;* lees dus vlot.
- Jy *verstaan* die woorde en kan antwoorde soeklees.
- Jy kan afleidings maak.
- Jy kan dit wat jy lees in ‘n ander konteks gebruik.
- Jy kan aandui hoe die teks jou raak.

# ‘N GESTANDAARDISEERDE VRAESTEL

- **Die teks is geskik.**
- **Die tekste is sinvol verwerk.**
- **Al die vrae is geskik.**
- **Alle tegniese aspekte het aandag gekry.**
- **Die vraestel en nasienriglyne pas bymekaar.**
- **Daar is ‘n verskeidenheid vrae.**

# ‘n Teks is geskik as dit gekies is volgens:

- **Lengte**
- **Hoeveelheid**
- **Belangstelling en ouderdom**
- **Inhoud**
- **Moeilikheidswaarde**
- **Toepaslikheid**
- **Uniekheid**

# Verwerking van ‘n teks

- Gepaste woordeskat en taalgebruik
- Vermy lang, lomp sinne. Hou sinne kort.
- Bedrywende vorm s v1 t o m p v2 i- woordorde
- Beperk figuurlike taal en idiome.
- Begin die leesstuk op ‘n eenvoudige wyse.
- Struktureer elke paragraaf.
- Geen spel-, leesteken en/of taalfoute nie

# GESKIKTE VRAE

- **Dis nie die manier waarop die vraag gestel word wat die kognitiewe vlak bepaal nie.**

- **Dis die denkproses wat nodig is om die vraag te beantwoord.**

- **Vlak 4 en 5-vrae is ook nie noodwendig moeiliker as die ander nie; dis ‘n ander denkpatroon wat getoets word.**

# TEGNIESE ASPEKTE

**UITLEG**

- **Lettertipe**
- **Plasing van punte**
- **Netjies getik in makro’s**
- **Vermy blokvorm**
- **Opskrifte links teen kantlyn**
- **Reëllengte**

**ANDER**

- **Bronne**
- **Prente**
- **Nommering**
- **Afdrukke**
- **Konsekwent wees**

# SOORTE VRAE

- **Ja/Nee of Waar/Onwaar**
- **Meervoudige keusevrae**
- **Cloze-vraag**
- **Blokkie-vraag**
- **Opsommingsvraag**
- **Die gewone W-vrae**
- **Kolomvraag**
- **Hakievraag**

# DIE OPSOMMING

## Die opsomming

## INLEIDING:

As ons nie weet waarom ons iets doen nie, ontbreek die motivering en passie dikwels om iets behoorlik te doen.  Weet jy as onderwyser waarom jy ‘n opsomming behoort te onderrig?

My beskeie mening is dat die vaardigheid om op te som, een van die belangrikste vaardighede is wat ‘n taalonderwyser vir ‘n kind kan aanleer. As ‘n kind kan opsom, verhoog dit sy kanse om akademies te presteer: op skool en op universiteit.

As ons net weer oor die waarde van ‘n opsomming reflekteer, glo ek ons gaan regtig meer moeite doen om dit behoorlik te onderrig. Dan leer ons nie vir die swak kandidaat om die eerste sin van elke paragraaf neer te skryf of ‘n hoofsin net so neer te skryf en net hier en daar ‘n verandering in die woordorde aan te bring nie.

Ons doen dit dikwels met ons swak kandidate. En waarom is hulle swak? Hulle leer moeilik. Waarom? Hulle kan nie die koring vandie kaf skei en hoofpunte uitlig nie.

Die internet bied vir ons ‘n magdom artikels oor die waarde van opsommings en hoe ‘n mens ‘n kandidaat leer om ‘n behoorlike opsomming te kan doen.

En kom ons sê nou maar vir mekaar: ‘n funksionele opsomming lyk BAIE anders as die opsomming wat van kandidate in die eksamen verwag word. Maar as hulle hierdie formaat onder die knie het, is die ware jakob kinderspeletjies**.**

**DIE VEREISTES:**

•Aanbieding:

1.1 Ons mag net vra dat EAT-kandidate ‘n opsomming in puntvorm aanbied.

1.2 Moenie van die kandidaat verwag om ‘n opskrif vir die opsomming te gee nie.

2. Lengte:

| GRAAD | Lengte van teks | Lengte van opsomming |
|---|---|---|
| 10 | 200 | 60 – 70 woorde |
| 11 | 230 | |
| 12 | 250 | |

3. Inhoud:

3.1 Die opsomming mag nie uit die leesbegrip kom nie.

3.2 Die leesstuk wat opgesom moet word, hoef nie in sewe paragrawe aangebied te word nie.

# OPSOMMING

- Kies ‘n ander interessante onderwerp.

3.4. Skryf die teks op so ‘n manier dat die kandidaat die hoofgedagtes duidelik van die ondersteunende sinne kan onderskei.

3.5. Het jy geweet ‘n persoon behoort 90% van alle woorde in ‘n leesstuk te verstaan ten einde die leesstuk te verstaan. Dan kan so ‘n persoon die ander 10% woorde met gemak aanleer. Die teks wat opgesom moet word, moet dus eenvoudig genoeg wees vir die kandidaat om te verstaan.

3.6 Jou opsomming moenie voorspelbaar wees nie. Die sin wat die hoofgedagte bevat, moenie elke keer eerste of laaste in elke paragraaf staan nie, m.a.w. jou opsomming moenie voorspelbaar wees nie.

4. Instruksies:

4.1. Sê duidelik WAT opgesom moet word. Dit mag nooit bloot ‘n opsomming van die leesstuk wees nie.

4.2 Pasop vir die bewoording: “In jou eie woorde”. Kandidaat mag die teks se woorde gebruik, maar moet dit anders rangskik.

4.3 Gee ‘n konteks vir die gedeelte wat die kandidaat moet opsom. M.a.w. sê waarvoor die opsomming gebruik gaan word, deur wie en wie die opsomming maak. Bv. Jy is die nuwe polisiehoof in jou dorp.
Jy praat met plaaslike hoërskoolleerders oor veiligheid op straat. Jy het SEWE veiiligheidswenke vir die leerders. Nou volg jou instruksies. Som ….

4.4 Sê duidelik dat die kandidaat die getal woorde onderaan die opsomming moet neerskryf.

**DIE MEMORANDUM**

Bv. Wat moet jy doen/Wenke om veilig op straat te wees?

| Aanhaling | Eie opsomming |
|---|---|
| **1 Bv. Beweeg oral in ‘n groep - vir jou eie veiligheid.** | 1 Loop altyd saam met maats in ‘n groep/Moet nooit alleen loop nie/Dis onveilig om een-een te loop/Dis goed om altyd in ‘n groep te beweeg/Om veilig te wees, behoort jy altyd in ‘n groep te beweeg. |
| **2** | 2 |
| **3** | 3 |
| **4** | 4 |
| **5** | 5 |
| **6** | 6 |
| **7** | 7 |

- DAN eers kyk ons weer na die korrekte feite en bepaal hoeveel van daardie feite is direk aangehaal. As die kandidaat enigsins aangehaal het, verbeur hy/sy TWEE van die DRIE punte. As daar 1-5 direkte aanhalings is, kry die kandidaat net 1 uit 3 vir Taal. As alles direk aangehaal is, kry die kandidaat nul uit 3 vir taal, MAAR behou die 7 punte vir die 7 korrekte feit wat aangehaal is. As 6 van die 7 korrekte feite aangehaal is, kry hy/sy ook geen punt vir taal nie. Ons ken taalpunte so toe AS DAAR DIREKTE AANHALINGS IS:
- 1 aanhaling = 1 taalpunt
- 2 aanhalings = 1 taalpunt
- 3 aanhalings = 1 taalpunt
- 4 aanhalings = 1 taalpunt
- 5 aanhalings = 1 taalpunt
- 6 aanhalings = 0 taalpunt
- 7 aanhalings = 0 taalpunt
- LW Bg verwys NET na die verdeling van die DRIE taalpunte.

- Wees daarop bedag dat wenke/instruksies/wat ‘n mens moet doen op verskillende maniere aangebied mag word, bv. Loop altyd saam met maats in ‘n groep/Moet nooit alleen loop nie/Dis onveilig om een-een te loop/Dis goed om altyd in ‘n groep te loop. Aanvaar dus as die kandidaat sê wat NIE gedoen moet word NIE, sowel as WAT gedoen kan/moet word.

- Ons trek nie punte af indien die kandidaat die verkeerde getal neergeskryf het of indien hy/sy nagelaat het om die getal woorde neer te skryf nie. Ons trek ook nie punte af indien die kandidaat minder as die voorgeskrewe 70 woorde gebruik het nie. As die kandidaat MEER as 70 woorde gebruik het, lees jy die sin waarin die 70ste woord verskyn klaar en ignoreer die res van die opsomming.

# NASIEN VAN OPSOMMING

Ten slotte:

**Wat is ‘n direkte aanhaling?**

- Die kandidaat gee die eerste, laaste of enige deel in die middel van die sin NET SOOS dit in die leesstuk verskyn.

**Wat is ‘n volsin?**

- Dis ‘n sin wat ‘n werkwoord bevat wat die feit sinvol maak.

# TAALKUNDE

- Advertensietegnieke
- Strokiestegnieke
- Visuele Geletterdheid
- Kritiese taalbewustheid
- Woordeskat
- Sinskonstruksie

# WAAR BEGIN EK MET TAALONDERRIG

- Taalonderrig vorm die basis van die vak as geheel. Alhoewel Afrikaans eintlik 5 vakke in een vak saamgevoeg is, is ‘n taalbevoegdheid die basis/fondament waarop ons hele Afrikaanse huisie gebou word.



# Taalkomponente

- Woordorde
- Woordsoorte (V.nw. S.nw B.nw Bywoord Deelwoord Voorsetsel Lidwoord)
- Woordvorming
- Leestekens
- Skryftekens
- Tye
- Voegwoorde
- Negatief
- Lydend en bedrywend
- Direkte en indirekte rede

# VISUELE GELETTERDHEID

- Terminologie
- Leestekens
- Skryftekens
- Prente
- Woordspeling
- Denotatief
- Konnotatief
- Kaarte, adveretensies, strokies, grafieke, spotprente, roosters, ens.

# KRITIESE TAALBEWUSTHEID

- Denotatief
- Konnotatief
- Geïmpliseerde betekenis
- Implisiete boodskap
- Eksplisiete boodskap
- Partydigheid
- Vooroordeel
- Stereotipering
- Gevoelstaal – Emotiewe taal
- Oorredende taal
- Manipulerende taal

# TEN SLOTTE:

- KOM ONS ONTHOU IN ELKEEN VAN ONS LEWENS HET Ń ONDERWYSER Ń VERSKIL GEMAAK. KOM ONS WEES DAN DIE VERSKIL WAT ONS IN DIE WĒRELD WIL SIEN.
- STERKTE MET ELKE ONGELOOFLIKE UITDAGING WAT OP JOU PAD GEPLAAS WORD.
- DANKIE VIR HIERDIE WONDERLIKE GELEENTHEID!